# HUBERTUS ELFFERS SE BETEKENIS VIR DIE VRYSTAATSE ONDERWYS TUSSEN DIE JARE 1888 - 1893 — III

'n Artikel van Hubertus Elffers, rakende die skoolkommissie, het in *De Express* van 26 November 1889 verskyn. Die feit dat die skoolkommissielede hulle pligte verwaarloos het vanweë gebrek aan belangstelling in die plaaslike skool, het Elffers dwars in die krop gesteek.

Elffers wil sien dat elke skoolkommissielid gebonde is aan 'n bepaalde opdrag wat uitgevoer moet word. Die min pligte wat egter aan hulle voorgeskryf word, verwaarloos hulle. Hulle vergader nie eenmaal per maand soos voorgeskryf nie en die inspekteur staan hierteenoor magteloos. Van die maandelikse besoeke aan die skool, waarvan kwartaalliks verslag aan die inspekteur gegee moet word, kom niks tereg nie.

Die skoolkommissie, voel hy, het te veel mag. Hulle kan te eniger tyd die skool binnegaan, hulle kan eksamineer wie hulle wil en wanneer hulle wil. Hulle het die reg om leerlinge weg te jaag en hulle voer.gesag oor die onderwyser, op wie hulle boonop nog sekere van hulle eie pligte afskuif.

Hy pleit daarvoor dat, net soos die Vrystaatse republikeinse vorm persoonlike vryheid adem, dit ook die geval ten opsigte van die onderwyser moet wees. Vanaf die President tot by die telegrafis is almal aan 'n voorskrif gebonde en dit is die behoud van die staat. Maar die vyf lede van die skoolkommissie kan na hartelus afbreek of opbou binne die bestaande stelsel. Die man wat die kinders vir die maatskappy oplei, word hierdeur gestrem. Deur die moontlike vooroordeel van 'n kommissielid, kan die onderwyser daaronder ly en daarmee terselfdertyd ook die staat. As die kommissielid die wêreld vir die onderwyser moeilik wil maak, kan hy dit maklik doen; die onderwyser daardeur moedeloos maak en hom uiteindelik na 'n ander beroep dryf. Hy beklemtoon egter dat hy nie die kommissielede in 'n swak lig probeer stel nie, maar dat hy die stelsel kritiseer.

Alhoewel Elffers hierdie situasie moontlik in 'n effens oordrewe vorm gestel het, kon daar eintlik nie verbetering plaasgevind het nie behalwe onder 'n verpligte onderwysstelsel wat vanselfsprekend die hele gemeenskap daarby sou betrek en gevolglik belangstelling en liefde vir die onderwys sou aanwakker. Solank as wat 'n onverskillige houding teenoor die onderwys voortgeduur het, kon selfs wetgewing nie die situasie verbeter het nie, aangesien dit duidelik is dat die mense hulle weinig aan die bepalings van die onderwyswet gesteur het.

Daarom pleit hy by die volk in *De Express* van 8 April 1890 vir belangstelling in onderwyssake, in die opvoeding van hul kinders en dat die volk daartoe kan meewerk deur 'n lewendige belangstelling deur middel van die skoolkommissies te toon.

Hy stel in die artikel voor dat elke kommissielid behoorlik vergoed sal word vir sy dienste en vir die bywoning van die vergaderings. Passende verantwoordelikheid moet die skoolkommissie opgelê word. Die penningmeester kry betaling vir die in- en uitbetaling van die skoolgelde. Die regering moet verantwoordelik gehou word vir die instandhouding van skoolgeboue, vir onderwysbehuising asook boeke en onderrigmateriaal vir die kinders. Die staat moet ook verantwoordelik wees vir die helfte van die salaris van die onderwyser, terwyl die skoolkommissie vir die ander helfte verantwoordelik moet wees.

Dit lyk baie asof Elffers uit twee monde praat. In een van sy vorige artikels wou hy die onderwyser finansieel onafhanklik maak deur hom nie op die skoolgelde, as deel van sy salaris, aangewese te maak nie. In hierdie artikel in *De Express* van 8 April 1890 praat hy egter van skoolgelde wat ingevorder moet word; trouens, in die konsepwet is ook sprake van die invordering van skoolgelde. Die vermoede[44] is dat Elffers se bedoeling was dat die onderwyser sy salaris van die staat ontvang, terwyl die skoolgelde, wat deur die penningmeester geïn moes word, niks met die onderwyser se salaris self te doen sou hê nie en dus waarskynlik na die staatskas sou kon gaan. Alleen op dié manier kon die onderwyser tog finansieel onafhanklik teenoor die ouers gestaan het, wat volgens eie goeddunke skoolgelde betaal het of nie.

Hy kom tot die slotsom dat as die volk in die onderwys belangstel en die onderwyser, volgens sy vroeëre argument, meer onafhanklik is, die skoolkommissie die onderwyser sal steun en die publiek weer die kommissie. Die gevolg sal wees dat die posisie van die goewermentskoolonderwyser dan nie alleen houdbaar sal wees nie, maar ook „benijdbaar".

In die konsepwet het Elffers se invloed op hierdie punt ook deurgeskemer. Volgens artikel 14 bly 'n skoolkommissielid aanspreeklik vir sy taak totdat 'n nuwe lid aangestel word. Hy kon dus nie weens 'n gebrek aan belangstelling hom op eie houtjie van sy pligte verskoon deur sy afwesigheid nie, maar bly nou ten volle verantwoordelik tot met die verkiesing van 'n nuwe lid in sy plek. Hierdie artikel is deur die Volksraad aangeneem met die gevolg dat die skoolkommissielede inderdaad verantwoordelik gehou en gebind is deur die wet. Sy poging om die lede aktief te hou, kom hier tevoorskyn.

Volgens artikel 17 word die landdros nie meer *ipso facto* voorsitter van die skoolkommissie nie, maar word 'n voorsiter, 'n penningsmeester en scriba op die eerste vergadering verkies. Op dié wyse sal dus dié mense wat in die onderwys belangstel, aan roer van sake geplaas word.

44. Die notules van die vergaderings, waartydens die konsepwet opgestel is, waar Elffers se standpunt ten opsigte van dié saak sou uitgekom het, kon nog nie deur die Staatsargief te Bloemfontein gelewer word nie. Hierdie notules moes verlore gegaan het, of is nog nie vir bestudering beskikbaar nie.

Verder het Elffers in 'n artikel *Onderzoek der Scholen*, wat in *De Express* van 3 Desember 1889 verskyn het, die probleme rakende skoolinspeksie en die inspekteur behandel. Ten einde te verseker dat sy betoog in die regte lig begryp sal word, laat hy hom soos volg uit: „Diep overtuigd als ik ben, dat het onderwijs-systeem in onze Staat foutief is, wensch ik President noch Volksraad, Inspekteur noch Schoolcommissie, eenige smet aan te vrijven, maar, mij geheel en alleen tot het systeem bepalende, mijn volk op te wekken, om wat beters te begeren".[45] In 'n skrywe aan John Brebner, die inspekteur, meld hy verder: „Mijn oogmerk is, U Ews. handen te sterken ten goede van land en volk".[46] Hy wou dus saam met die inspekteur en nie teen hom werk nie.

Elffers stel ten eerste dat die inspekteur se werk te veel is. Hy moet, afgesien van sy korrespondensie, byna elke dag op die pad wees en ten spyte van talle ontberings op die haas onbegaanbare paaie, die inspeksie dwarsdeur die Vrystaat waarneem. Statisties bereken, betoog hy, kom dit daarop neer dat 'n kind vier en 'n halwe minuut in al sy vakke geïnspekteer word, wat geheel onvoldoende is. Die kinders word verwar deur die haastigheid by so 'n inspeksie. Die gevolg is dat daar gevalle is waar verbouereerde kinders gedruip het en dat selfs die knapste kind hieronder kan ly. Hy noem 'n voorbeeld waar 'n stotterende, senuweeagtige kind gedruip het toe die inspekteur hom 'n vraag gestel het en dadelik verder gegaan het met ander kinders toe eersgenoemde nie onmiddellik kon antwoord nie. Inspeksie is dus nie 'n ondersoek na die metode van onderrig nie, maar 'n ondersoek na die kind se kennis. Uit hierdie situasie kan 'n vorm van korrupsie ontstaan. Dit was gewoonlik die geval dat die inspekteur by elke skool dieselfde vrae aan die kinders stel om sodoende 'n maatstaf te hê waarvolgens hy sy oordeel kon vel. Daar het al gevalle voorgekom waar 'n skool op een of ander manier van die vrae vooruit kennis gedra het, asook van die antwoorde en net dié kennis bygebring het om die antwoorde uit die mou te kon skud. Daardie skool het in die inspeksierapport dan 'n goeie verslag gekry, afgesien van die eintlike werk wat gedoen is.

Hy noem verder 'n moontlikheid dat, as 'n kommissielid in die plaaslike skool belangstel en versoek dat ander belangrike vakke soos fisiologie, geologie, natuurkunde, ens. onderwys moet word, dan baat dit tog die skool. As die inspekteur kom en die kinders word alleen volgens die voorgeskrewe sillabus ondersoek, word hulle swak bevind omdat hulle nie so baie in spelling en lees gedril is nie. Afgesien van die addisionele kennis wat by leerlinge bygebring is, word dié besondere skool dan gepenaliseer in die inspekteursverslag aan die Staatssekretaris en die Volksraad.

Hy wys daarop dat sulke ekstra vakke dus nie gegee kan word nie, omdat die sillabus te gevul is. Dit laat geen tyd en ruimte vir self-

45. *De Express*, 3 Desember 1889.
46. Bloemfontein Argief: G.S. 1038, *Inkomende briewe aan die Inspekteur van Onderwys*, Argiefstuk no. 1759, gedateer 24 Maart 1890.

denkende ontwikkeling van die kind nie. Die sillabus is so vol omdat dit drilwerk is wat in twee tale gedoen moet word. Die skole wat poog om die kind vir homself te laat dink, is in die offisiële rapport ten laagste aangeskryf.

De beperktheid van die inspeksie bring ook mee dat aan die kind, in rekenkunde byvoorbeeld, een probleem gestel word wat al vier die reëls (optel, aftrek, deel en vermenigvuldig) bevat. Die probleem is te gekompliseer en is geen werklike toets nie.

Hy maak in sy artikel ten slotte kapsie teen die vorm van openbare eksamen. Die stukkie diktee vir die eksamen word deur 'n skoolkommissielid wat vreemd is, gelees en dié moet dan in Hollands vertaal word. Die leser moet opmerk dat dit deur 'n vreemde in 'n vreemde taal gelees word en dat dit verwarring by die kind kan veroorsaak. Indien die kind *vier* foute begaan, druip hy. Die stelsel toets die kind nie na behore nie, want of die kind nou vier of ses of twintig foute begaan, hy druip in elk geval.

In sy laaste artikel in *De Express* van 8 April 1890 verklaar hy dat die Inspekteur van Onderwys meer hulp in soverre dit inspeksie betref, moes kry. Hy moet die pos van Superintendent van Onderwys beklee met sy kantoor in Bloemfontein, vanwaar hy in staat sou wees om die hele onderwysstelsel te reël.

In die konsepwet van 1891 is Elffers se idees ten opsigte van die inspeksiestelsel gehandhaaf en dit is net so in die Onderwyswet van 1891 opgeneem. Artikels 4 tot 13 van Afdeling II van die wet, bepaal dat die bestuur van die openbare onderwys, opgedra word aan die Superintendent van Onderwys met een of meer inspekteurs as hulp vir hom. Onderwyssake word dus gesentraliseer. Die Superintendent het toesig oor inspeksie, bepaal die sillabus, besit mag oor die aanstelling en skorsing van onderwysers, inspekteurs, sub-inspekteurs en skoolkommissies.

Onnodig is dit om te sê dat Elffers op dié punt sy sin volkome gekry het. Dit is aan sy pleidooie te danke dat 'n Superintendent van Onderwys alle sake betreffende die onderwys vanuit sy kantoor sou reël, terwyl hy na 1891 voldoende hulp by die inspeksie sou hê. Hierdie Superintendent was weer aan die Staatssekretaris verantwoording verskuldig, wat in verbinding met die owerheid was.

Nêrens kon ek enige brief vind van erkenning of dank vir sy bydrae nie. Soos alle kultuurdraers, het hy nie na erkenning gesoek nie, maar na behoud en verbetering. Elffers het 'n bydrae gelewer toe dit nog vir die omstanders te vroeg was om dit te waardeer.

Elffers behandel in sy vyfde artikel, wat in *De Express* van 17 Desember 1889 verskyn het, die houding van die bevolking ten opsigte van die onderwys. In dié artikel en ook in 'n latere skrywe in dieselfde blad, wek hy sy volksgenote op om 'n werklike belangstelling in die opvoeding van hulle kinders te toon.

Hy begin deur die situasie versigtig te beskryf. Hy begin verlangs oor beskawingsvorme te praat totdat hy uiteindelik op 'n baie diplomatiese wyse by verpligte onderwys uitkom. Die teenstand teen verpligte onderwys moes in daardie tyd seker baie sterk gewees het, vandaar dat 'n man soos Elffers, wat in sy vorige artikels 'n uitdrukking so kras kon gebruik, nou op 'n sagte en diplomatiese wyse verpligte onderwys aan die mense gestel het. Uit die bespreking van die konsepwet oor verpligte onderwys in die Volksraad van 1891, het dit inderdaad ook geblyk dat daar hewige teenstand teen verpligte onderwys was. Trouens, die voorgestelde wet op verpligte onderwys, is in 1891 afgestem.

Elffers lei sy artikel in met die stelling dat wanneer ontwikkeling kom, beskawingsvorme soos klere, kerkgeboue, ens. ook verander. Die mens moet homself ook by hierdie beskawingsvorme aanpas. Hy stel dan die vraag, of na die koms van goud- en steenkoolhandel, die Vrystaat se kinders hulle by dié ontwikkeling sal kan aanpas.

Hy wil sy volk „protectie" verleen teen die swerm aasvoëls (bedoelende die buitelanders wat as blote fortuinsoekers die land instroom) wat bokant hulle sweef. „Verstaat gij niet," roep hy hulle toe, „dat wanneer wij er de getuigen van zoudt moeten worden, dat vreemden den bezit, den wettige bezit onzer kinderen rooven, — verstaat gij niet dat uwen en mijne grauwe haaren met droefenis ten grave zullen dalen? — O, wee ons, indien wij onze kinderen niet opvoeden!"[47]

Hy verduidelik aan sy lesers dat die ouers hulle kinders nie meer dieselfde skoolopvoeding kan gee as wat hulle self geniet het nie. Hy praat versigtig oor hulle karige opvoeding deur te verklaar dat die ouers opgevoed is om 'n stil, godsdienstige lewe op 'n eensame boereplaas te lei, waar alles nog op God's goedgunstige skikking aangewese was. Maar hul kinders gaan die wêreld in — soos 'n leër die slagveld in om 'n lewensbelangrike en hardnekkige stryd te voer met die verleidende, bederwende en vreemde elemente. Hy waarsku sy volk in die artikel teen die uitlander wat die land sal instroom en die land, wat hul en hul kinders se regmatige besit is, sal oorneem. Die kinders kan nie met die onderwys wat hulle ouers ontvang het, hierdie elemente trotseer nie — hulle moet meer hê en hy bejammer die Vrystaat as hulle nie hul kinders vir stryd bewapen nie. Hy skryf verder dat sommige geleerdes van oordeel is dat dit die Vrystaters honderd jaar sal neem voordat hulle sal besef dat hulle hul geslag sal verongeluk sonder onderwys. Dit sal dan te laat wees — die mense moet dit nou besef. Elffers se vasberadenheid in hierdie opsig spreek duidelik uit die volgende: „Ik herhaal: Gij zoudt luisteren! 't is de overtuiging, die mij spreken doet. Al stond ik alleen — maar 't is gansch niet zoo! — al ware mijn stem inderdaad die van een roepende in de woestijn, ik zou nochtans de bazuin aan de mond brengen, en blazen, tot mijn volk hoore! Ja, en al gaat mijn leven voorbij zonder dat de

47. *De Express,* 17 Desember 1889.

begeerde weerklank komt, en al zullen alle tegenwoordige volksleiders hunne dag en nag slijten gelijk hunne voorgangers, toch zal ek roepen en waarschuwen, en in andere woorden, en mijzelf in een ander vorm hullend, nogmaals roepen en vermanen, in de volle zekerheid dat de dag der verandering aanstaande is . . . "[48]

Hy wys ook op die nadele van die volk se onkunde oor onderwyssake. Geen boer, sê hy, maak self met die onderwysstelsel kennis nie. Die staat neem die opvoeding waar. Die Vrystater is tevrede as hy net weet dat sy kind skoolgegaan het. Die gemeenskap stel nie belang nie en is „in waarheid even onverschillig omtrent hunne scholen, als een herboren slang over haar afgeworpen huid, . . . wijl de scholen in't minst hunnen scholen niet zijn, maar integendeel, *gevreesden plekken,* waar ieder die zich waagt gedwongen wordt, van maand tot maand zijn zilver en goud te offeren, zonder dat hij enige vergoeding ontvang, die hem der moeite waard is. Mijn volk, of uwen oogen mochten geopen worden!"[49]

Elffers spreek die mening verder uit dat indien daar nie behoorlike onderwysers op die plaasskole is nie, die standaard van onderrig laag sal wees. Met betrekking tot dié saak, sê hy: „Indien gij ontwaken wilt, mijn volk, eischt dan eerst en allermeest verandering in dit opzicht". Aan die einde van sy brief maan hy die mense tot belangstelling: „Neemt deel aan het verspreiding van onderwijs door het land, evengoed als gij deel neemt aan alles, wat, met het oog op de toekomst, ten goede van het algemeen gedaan word; maar stelt u niet tevreden, voor gij onder een behoorlike sijsteem, elk kind van onze bodem ziet opgroeien in eenen school, die onder direct opzicht staat van het Departement van Onderwijs".[50]

Hy pleit dus dat alle onderwys onder toesig van die staat sal staan en dat daar nie na willekeur onderwys sal word net totdat die kind 'n lees- en skryfkennis het nie. Hy beoog 'n gesistematiseerde onderwys op die plaasskole, waar die kinders onderrig sal word volgens 'n standaard gestel deur die Departement van Onderwys.

In 'n volgende artikel in *De Express* van 1 April 1890 behandel Elffers die privaatskole. Die rondgaande onderrig word deur hom as onvoldoende bestempel, omdat dit net daarop toegespits is om die vraeboek en Kort Begrip onder die knie te kry.[51] Die oorsaak van rondgaande skole lê in die feit dat die boere nie die onderwyskoste persoonlik kan dra nie. Dit is bv. goedkoper vir 'n boer met ses kinders om een onderwyser te huur vir al ses, as om vir dieselfde koste net twee kinders na 'n dorpskoshuis te stuur. Dan stel hy die middel tot sy doel baie versigtig — verpligte

48. *De Express*, 17 Desemeber 1889.
49. *De Express*, 12 November 1889.
50. *t.a.p.*
51. Rondgaande onderrig en rondgaande skole word in dié artikel as sinonieme gebruik.

onderwys. „Wat denkt men," vra hy, „van verplicht onderwijs? Schrikt niet, lezer! Gij weet, dat wetten niet tot onze pijniging, maar tot ons nut bestaan".[52]

Elffers het goed besef dat die mense, by wie die vryheidsgees nog sterk gelewe het, hulle nie maklik onder dwang sou plaas nie. Die feit dat hulle tot iets verplig sou word, was 'n netelige kwessie vir die ongebonde gees van die Afrikaner. In sy oplossing hou hy daarom die idee van dwang sover as moontlik op die agtergrond deur te wys op die voorregte en mag van die ouers: „Iedere ouder heeft het recht, zijn kind voor een zekeren leeftijd na verkiezing te doen, opvoeden, binnen, en zelfs buiten den Staat; dié kinderen echter, die voor hun veertiende jaar geen voldoende tijd eene school bezocht hebben, om redelijk opgevoed te kunnen zijn, op dié legt de Staat beslag, en VERPLICHT hunne ouders of voogden, hen voor een tweetal jaren naar school te zenden".[53]

As oplossing van die probleem, stel hy wykskosskole voor — geboue moet opgerig word wat onderwysers en hulle gesinne kan huisves asook kosskoolgangers en waar die elementêre vakke in die landstaal onderrig kan word. Hy eindig met dié woorde: „Op HET VOORTBESTAAN VAN ONS VOLK heb ik het oog, en daarop alleen! En indien er, om onze nationaliteit te redden, exceptionele maatregelen moesten genomen worde, — waarom niet?" Al moet 'n lening deur die staat gesluit word vir die ontwikkeling van die onderwys — vir die land en vir die volk, dan moet dit.[54]

In 'n artikel in *De Express* van 8 April 1890, laat hy ook van hom hoor oor die heersende stelsel. Die privaatskole moet weg. Die land word bespotlik gemaak deur die swak onderwys wat die volk by die privaatskole geniet het. Sommige boere stuur hul kinders na die Boland vir beter onderrig omdat die privaat-onderwys so swak is. Dit is verkeerd en impliseer dus dat in die Vrystaat daar nie goeie onderwys is nie. Die privaatonderwys, laat domheid en onwilligheid in die onderwys voortduur.

Indien verpligte onderwys aanvaar word, moet privaatonderwys nie op die sertifikaat van verpligte skoolgang erken word nie. „Er geschiedt bitter onrecht aan onze bevolking in ons land, en de oorzaak ligt in het privaatonderwijs!" Die standaard van die privaat onderwys moet ook verhoog word. Die privaat onderwyser moet in staat kan wees om 'n derdeklassertifikaat van die Vrystaat of die Kaap (met Hollands!) te toon. Hy wil die leke-onderwyser, die swerwer wat by die plaas aankom, uitsluit uit die onderwys asook die „kerkdrilmajoors".

Vir sy standpunt ten opsigte van privaatonderwys, het hy goeie reaksie in die koerant gekry. Die volk was dit eens dat die kind onderwys moes ontvang, maar wat die toepassing daarvan betref, was daar op daardie

52. *De Express*, 1 April 1890.
53. *t.a.p.*
54. *t.a.p.*

stadium nog uiteenlopende menings oor verpligte onderwys, onderwysbelasting, en dergelike meer. Die ouers was dus nie geneë om sonder die hulp van hul kinders op die plaas klaar te kom nie.

Ten einde die besluit rakende verpligte onderwys in hersiening te neem, het die Volksraad 'n kommissie benoem, met John Brebner as voorsitter. Die konsepwet vir verpligte onderwys het in die *Gouvernements Courant van den Oranjevrijstaat* van 1 Februarie 1895 verskyn. Merkwaardig is dit dat hierdie konsepwet byna woord vir woord oorgeneem is uit die konsepwet van 1891 — alleen by paragraaf 8(G) bied die konsepwet van 1891 'n keuse van 'n twee-derde meerderheid vir of teen verpligte onderwys op die plaasskole, terwyl die konsepwet van 1895 geen keuse aan die gemeenskap oorlaat nie. Hierdie konsepwet oor verpligte onderwys, is net so deur die Volksraad van 1895 goedgekeur en aangeneem. Volgens artikel 2, egter, sou verpligte onderwys alleen tot op twaalfjarige ouderdom toegepas moet word en nie tot op vyftienjarige ouderdom soos voorgestel in die konsepwet van 1891 nie. Hierdie konsepwet het Wet No. 14 van 1895 geword.[55]

Elffers se handewerk en arbeid is ten einde laaste bekroon. Hy en die ander persone wat die konsepwet van 1891 opgestel het, se aanvanklike teleurstelling het in 1895 in triomf geëindig. Daarmee het die Vrystaat die eerste staat in Suid-Afrika geword wat verpligte onderwys ingevoer het. Waar daar in 1888 in die Vrystaat net tweeduisend leerlinge op die skoolbanke gesit het, het in 1895 vyfduisend agthonderd onderwys ontvang.[56] Die bewapening van sy volk teen die uitlander-element kon begin en in sy ideaal om „het gansche volk op te voeden", het Elffers geslaag.

Ook van sy ander wense is vervul. Alle onderwysers moes 'n sertifikaat van 'n erkende onderwysinrigting kon toon — ook die privaat onderwyser. Die privaat onderwyser moes bewys van goeie gedrag kon toon en moes vir ses maande vir ten minste tien kinders skoolgehou het, alvorens hy 'n staatstoelae kon aanvra. Die skoolkommissie van die distrikskole word jaarliks deur die Superintendent van Onderwys tot sub-inspekteurs benoem om die privaatskole te inspekteer. Elffers het hiermee daarin geslaag dat 'n waardige onderwysstand geskep is. Selfs die privaatskole, wat vroeër aan geen wet met betrekking tot onderwys gebonde was nie, het nou onder staatsbeheer gekom en het 'n staatstoelae ontvang. Met die ander skole op die platteland het dit ook beter gegaan. Onderwys het nou 'n handeling en volle verantwoordelikheid van die Staat geword.

Elffers was van groot waarde vir die onderwys en het van betekenis vir sy volk in die Vrystaat geword. Hy was die eerste om die volk opnuut die besef van goeie onderwys by te bring. Ongelukkig het hy in 1893 die Vrystaat verlaat — juis op 'n stadium toe hy die vrugte op sy werksaamhede kon begin pluk en dit hom tot nog meer ywer kon aangespoor het.

55. *O.V.S. Volksraadsnotule*, 1895, bl. 646.
56. Van Schoor, M. C. E.: *Onderwys in die Vrystaat*, t.a.p., bl. 142.

Dit is duidelik dat Elffers as onderwysman in die Vrystaat sy merk gemaak het. Sy stryd om 'n meer doeltreffende onderwysstelsel is met 'n groot mate van sukses bekroon. Sy positiewe optrede vir die Dietse saak staan hier bo alle twyfel uit. Ongetwyfeld het hy deur sy nugtere benadering van destydse toestande, sy rake kritiek daarop en sy gesonde ontleding daarvan, 'n leiersrol beklee. Reaksies teen hom kon verwag word juis omdat hy sy vinger op die swak plekke in die gemeenskapslewe gelê het.

P. D. Smit.

## REGSTELLING

In *Historia*, Jg. 12, Nr. 1, p. 54, word vermeld: Die oorblyfsels van 'n boom waaronder 'n vergadering gehou is wat aanleiding gegee het tot die stigting van die *Hervormde Kerk*, is 'n geproklameerde gedenkwaardigheid.

Graag wens die Redaksie daarop te wys dat hier per abuis na die Hervormde Kerk, in plaas van die *Gereformeerde Kerk* verwys is.